STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 62 - 2020 • EDITION 62- 2020

Van die Burgemeester
From the Mayor

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Liewe Inwoners

Reën, reën wonderlike reën! Die voorspellings van 'n nuwe ernstige droogte is genadiglik vir eers afgeweer. Hoe wonderlik is dit nie om te weet die damvlakke is op aanvaarbare vlakke nie!

Wêreld Reis- En Toerismeraad

Stellenbosch het internasionale erkenning gekry vir die wyse waarop ons die verspreiding van die COVID-19 virus hanteer. Ons vinnige optrede en implementering van riglyne, wat in lyn is met die van internasionale standaarde, het aan ons die Wêreld Reis- en Toerismeraad se eerste Veilige Reise Stempel in Sub-Sahara Afrika besorg. Die Wêreld Reis en Toerisme raad is 'n globale organisasie wat kyk na toerisme in die privaat sektor en hoe gesondheid en higiëniese protokolle geïmplementeer word om seker te maak toeriste kan in die toekoms met 'n geruste hart na Stellenbosch reis.

Ons toerismebedryf is baie hard getref deur die COVID-19 pandemie en dit is steeds onseker wanneer internasionale grense weer oopgestel sal word en watter vereistes saam met internasionale, en selfs plaaslike toerisme, gepaard sal gaan. Die erkenning van 'n gerekende internasionale organisasie wys egter dat wanneer ons weer gaste kan

Dear Residents,

Rain, rain, wonderful rain! Another serious drought in our region has been averted, thanks to incredible rainfall over our province. How wonderful it is to know that our dam levels have increased to acceptable levels.

Word Travel and Tourism Council

Stellenbosch recently received international recognition for the way in which we are dealing with the spread of the COVID-19 virus. Our speedy actions and implementation of regulations, in line with international standards, earned us the World Travel and Tourism Council's first Safe Travel stamp in Sub-Sahara Africa. The world Travel and Tourism Council is a global organisation that considers tourism in the private sector and how the health and hygiene protocols are implemented to ensure that when we reopen for tourism in the future, we will be ready and tourists will be able rest assured that they are safe when they visit.

Our tourism industry has been very hard hit by the COVID-19 pandemic and it remains uncertain when our international borders will be reopened and what the requirements for local and even international travel will be. This recognition from an international organisation shows us however that

SPAAR WATER
SAVE WATER

COVID-19 Bl 2/ Pg 2

STELLENBOSCH WCO 24 021-886 8976 SSI SAFETY INITIATIVE

ontvang, hulle met ‘n geruste hart na ons beeldskone vallei kan reis.

COVID-19

Soos die inperkingsregulasies deur die Nasionale Regering aangepas word, raak ons meer bewus oor die hoeveelheid mense waarmee ons daagliks in kontak kom. Daarom is dit uiters belangrik dat elke inwoner vir hom/haarself verantwoordelikheid moet neem en die nodige voorsorg maatreëls tref vir wanneer u in die openbaar rondbeweeg en selfs wanneer u terugkeer na u woning. Gesigmaskers moet ten alle tye gedra word wanneer u in openbare spasies beweeg. Dit sluit kantoorspasies, restaurante, winkelsentrums en enige ander spasies waar baie mense byeenkom in.

Stellenbosch Unite & Gee Verantwoordelik

As gevolg van COVID-19 is daar steeds baie inwoners wat hulp nodig het om na hul gesinne om te sien. Stellenbosch Unite doen wonderlike werk en ons werk almal saam met verskeie vennote om seker te maak ons help soveel inwoners as wat ons kan. U kan steeds ‘n bydrae maak. Gaan besoek die Stellenbosch Unite webblad by https://stellenboschunite.org/. U sal ook kan sien hoe al die bydraes aangewend word.

Ek wil u graag aanmoedig om, indien u kan, ‘n bydrae te maak aan Stellenbosch Unite en ons so te help om inwoners by te staan wat die hardste getref is deur die COVID pandemie. Ons gaan ongelukkig nog vir baie lank die nagevolge hiervan ervaar.

Die Gee Verantwoordelik veldtog gaan ook voort en ons vennote by Heartflow het dit nou nog makliker gemaak vir u om veilig ‘n bydrae te maak om hawelose mense te help. Gee Verantwoordelik koepons kan nou via Heartflow se nuwe slimfoontoepassing gekoop word. Die toepassing se naam is Cheese (Soos kaas) en maak dit maklik om elektronies ‘n koepon of skenking aan die deelnemende organisasies te maak. Gaan kyk gerus.

Vrouemaand en Geweld Teen Vroue En Kinders

Augustus is Vrouemaand. As Suid-Afrikaners herdenk ons die rol wat vroue gespeel het in die stryd teen apartheid, maar fokus ons ook weer op die kwesbaarheid van vroue, en ook kinders, binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die hoofopskrifte van ons nuusberigte word steeds elke dag oorgeneem deur stories van vroue

when we reopen, we will be ready to receive guests in our beautiful valley.

COVID-19

As the lockdown regulations are adjusted by national government, we are becoming more aware of the amount of people we are in contact with daily. That is why it is important that every resident takes responsibility for him/herself and adhere to the necessary precautions when they move around in public or even when you return to your own home. Face masks must be warn at all times when you move in public spaces. This includes office spaces, restaurants, shopping centres and any other spaces where large groups of people gather.

Stellenbosch Unite and Give Responsibly

Because of COVID-19, there are still many residents in need of assistance to care for their families. Stellenbosch Unite is doing fantastic work and we are working with them and various other stakeholders to assist as many residents as possible. You can still contribute to this effort. Just visit their website at https://stellenboschunite.org/ . You will also be able to see what the contributions are being used for.

I want to sincerely encourage you, if you have the means to make a contribution to Stellenbosch Unite, to please do so and help us to help those residents who are most adversely affected by the COVID-19 pandemic. We will unfortunately be dealing with the fallout of this pandemic for a long time.

The Give Responsibly campaign is still continuing and our partners at Heartflow have made it even easier for you to safely make a contribution to assist homeless people. Give Responsibly coupons can now be purchased via Heartflow’s new smart phone app. The app is called *Cheese*, and makes it easy to purchase a coupon electronically or to make a donation to any of the participating organisations. Go check it out.

Women’s Month and Violence Against Women And Children

August is Women’s Month. As South Africans we commemorate the role women played in the struggle against apartheid, but we also focus on the

en kinders wat mishandel en/of vermoor is. Ten spyte van ‘n internasionale ingesteldheid op vroueregte bly geslagsgebaseerde geweld binne Suid-Afrika ‘n enorme uitdaging met verreikende gevolge. As ‘n prokureur en later ‘n landdros, het ek baie ervaring met mishandelde vrouens en kinders. Daar is nie genoeg woorde om vir u te laat verstaan wat ‘n afgryslike misdaad die mishandeling van vroue en kinders is nie. Die stories wat ek gehoor het, hou my tot vandag toe nog wakker. Geweld en mishandeling van vroue en kinders is nie iets wat beperk is tot sosio-ekonomiese omstandighede nie. Jy kry dit orals, in ryk en arm huise, die slagoffers is oud en jonk, en selfs die oortreders word in elke plek in ons samelewing gevind, baie keer in plekke waar jy dit soms die minste verwag. En daarom word daar steeds nie baie hieroor gepraat nie.

Daar is nie ‘n maklike of eenvoudige oplossing hiervoor nie. Dit is ‘n probleem wat uit meer as een hoek aangespreek moet word en as gemeenskap het ons almal ‘n rol te speel. Ons moet meer doen as net fokus op die beskerming van slagoffers van geweld, en ons moet ook fokus oor hoe om geslagsgebaseerde geweld te voorkom. Ernstige introspeksie is nodig om te sien wat fout is met ons as ‘n samelewing, en hoekom dit gebeur. Waar leer ons kinders sulke gedrag aan? Wat doen ons as volwassenes dat die volgende generasie dink dit is aanvaarbaar om mense so te behandel. As ouers, grootouers, ooms, tantes en versorgers is dit ons verantwoordelikheid om seuns te leer hoe om vroue en kinders met respek te behandel van kleins af. Ons moet ook meer doen om meisies selfrespek te leer en nie hulle waarde te koppel aan dit wat in vandag se popkultuur uitgebeeld word nie.

Pay@ Vir Munisipale Rekeninge

Ons is altyd besig om nuwe en beter maniere te vind om dit vir u as inwoner maklik te maak om u munisipale rekeninge te betaal. Daarom het ons nou ook die Pay@ aanlynbetalingsplatforms deel gemaak van ons betalingstelsel. Op elke rekening verskyn ‘n unieke Pay@ nommer (onderaan die rekening). Elke nommer begin met 11450. Gaan na die Pay@ skakel **https://payat.io/qr/11450** of gaan na ons webblad en klik op die Pay@ skakel. Tik die nommer in wat op u rekening verskyn en u kan veilig u rekening betaal. Lekker vinnig en maklik.

Ons leef nou al amper 5 maande in ‘n veranderde wêreld. Ons nuwe wêreld is vol gesigmaskers en handreinigers wat mens gedurig herinner aan ‘n dokter se spreekkamer.

vulnerability of women and children in the South African community. Our news headlines are still dominated by stories of women and children who are abused or killed. Even though there is an international focus on women’s rights, gender based violence in South Africa remains a great challenge. As a lawyer and later a magistrate, I have a lot of experience in working with abused women and children. There are not enough words to make you understand what a horrific crime the abuse of women and children is. The stories that I heard still keeps me awake at night. Violence and abuse of women and children is not something that is limited to socio-economic circumstances. You find it everywhere, in rich and poor homes, the victims are young and old and even the perpetrators are found in all walks of life, often times in places where you least expect it. And that is why we still don’t talk enough about this.

Our only solution as a society is that we have to change our approach to gender-based violence. We must not only focus on protecting and helping the victims of these horrendous crimes. Instead, we should also focus on how to PREVENT gender-based violence. We need to do some serious introspection about why this is happening and what is wrong with us as a society that it happens so frequently. What is it that we are teaching our children that turns them into abusive adults? What example are we setting if our children grow up to be abusers, rapists and murderers of women and children? As mothers, fathers and carers of children we have a responsibility to teach every boy child how to treat women and children from the day they are born. We also have to teach our girl children to respect themselves, to value themselves and not to determine their value by the images and messages from popular culture.

PAY@ for municipal accounts

We are always working on new and better ways to make it easier for you as a resident to pay your municipal accounts. That is why we have now made Pay@ online payment system part of our payment methods. On every municipal bill you will find a unique Pay@ number (at the bottom of the bill). Every number starts with 11450. Go to the Pay@ link **https://payat.io/qr/11450** or find the link on our website. Type in the number that appears on your bill and you can easily and safely pay your bill. Quick, easy and safe!

We have been living in a changed world for more than 5 months. Our new world is full of facemasks and

Ek is gaande oor al die kleurvolle maskers wat ek elke dag op straat sien. Dit is verblydend om te sien hoe inwoners, ten spyte van die erns van die pandemie, die geleentheid gebruik om kreatiwiteit aan die dag te lê met pragtige maskers vol kleur.

Hou aan om u maskers te dra en was of reinig u hande gereeld. Hou asseblief sosiale afstand ingedagte en bly asseblief veilig.

Tot volgende keer.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

sanitizers that constantly reminds one of a doctor's waiting room. I do love all the colourful facemasks you see everywhere. I am happy to see how our residents, despite the seriousness of this pandemic, still find creative ways to express themselves through colourful masks.
Please continue to wear your masks and wash or sanitise your hands regularly. Always keep social distancing in mind and stay safe.

Best Wishes
Mayor Gesie

We have taken delivery of a brand new compactor truck. The truck has built-in and standardised safety features, super-fast cycle times for increased productivity and multifaceted capability.

Ons het ontvangs geneem van 'n splinternuwe rommelverwerkingsvoertuig. Die nuwe trok het ingeboude en gestandardiseerde veiligheidskenmerke en 'n baie vinninge siklus vir verbeterde produktiwiteit en veelvoudige vermoëns